# N A G M A A L
# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30

### Om die wêreld te oorwin

**Skriflesing:**
1 Johannes 5; Joh 16:33;
Op 12:10-11 en
Op 21:5-8
**Teksvers**:
1 Johannes 5:4

**Sing**:
Ps 84:1,2
Ps 6:1
Ps 68:9
Ps 116:1,5,7
Sb 7-1:1,2,3
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Onthou u ons jaartema? Meer as oorwinnaars...! Onthou u die sg. Griekse godin van oorwinning: Nike of Nika? Daardie Griekse woordjie van ons tema? In die twee verse van vandag staan hierdie woordjie vier keer geskrywe. Johannes, die apostel van die liefde, is die een skrywer wat die meeste konsentreer op die konflik van die geloof versus die wêreld, en die een wat hierdie Griekse woordjie (nika: oorwin, victory) die meeste gebruik.

Liefde vra immers vir oorgawe en toewyding, en dit vra vir keuses en veroorsaak noodwendig konflik.

Hoe kan ek en jy ook die wêreld oorwin?

## S O N D A G A A N D 18:00

### Nagmaal wys na die Leeu en die Lam

**Skriflesing:**
Openbaring 5:1-14

**Teksvers:**
Openbaring 5:5,6

**Sing**:
Ps 89:1
Ps 43:3,4
Ps 116: 1,5,7
Ps 103: 1,9,11
Sb13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Prediker**: Ds Christo Swanepoel

*"Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak".*

*Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is."*




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 09 21 Maart 2021**


## 'n GLOBALE EVANGELIE

Daar is 'n baie groot verskil in die gelykenise van die verlore skaap en die verlore penning en die verlore seun. Die ooreenkoms gaan oor die feit dat wat verlore was gevind is. Dat wat dood was lewe. En daaroor is daar blydskap in die hemel! Die verskil is egter dat daar nie noodwendig blydskap op die aarde daaroor is nie! Die eerste verse van Lukas 15 gee immers die leidraad. Die hemel probeer die aarde tot ware blydskap oorhaal… maar hulle wil nie!

Terwyl die groot gebod die liefde is, vind ons die groot finale opdrag van Jesus in **sy globale visie** vir die mensdom: Gaan dan na AL die nasies toe en verkondig… Maak mense uit AL die nasies dissipels van MY! Jesus Christus het sy kinders onder al die mense-soorte, en al die wêreldoorde. Hy sal weer kom as die Evangelie "aan AL die nasies verkondig word". (Markus 13:10) Vroeër het ekself nogal gewonder hoe op dees aarde gaan ons dit regkry… AL die nasies? En nou met die pandemie het ons gesien dat in 'n paar weke het almal die protokol van maskers en sanitering aangeleer… Al die nasies!

Jesus Christus ons Koning en Verlosser is ook die een wat beheer het oor alle dinge, Ook die tegnologie behoort aan Hom. Alhoewel die bose die tegnologie misbruik en ons selfs tot sonde aanspoor, beteken dit nog nie dat die bose in beheer is nie. God het die duiwel toegelaat om baie tot sonde te verlei. Dit staan op die sondaar se eie rekening, en daarom kom die hemelse Regter om regverdig te oordeel. Aan die meer positiewe kant sien ek nou hoe die Here self alle nasies kan bereik met die Evangelie. Die tegnologie is 'n magtige middel daartoe. Ons bronne wys byvoorbeeld dat ons Afrikaanse en Engelse eredienste wêreldwyd beluister en later afgelaai word: Afrika, Nederland, Italië, Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Zeeland en selfs Saoedi-Arabië. Die getalle is soms selfs asemrowend. En dit is net ons gemeente.

As ons dink hoeveel die lugruim (media en internet) tans gevul is met die ware evangelie van Christus, dan moet daar BLYDSKAP in ons harte kom! Daar moet ook blydskap op aarde kom, omdat God kan doen wat ons nalaat om te doen. Net soos by die drie gelykenisse is daar nie baie wat soek na verlore mense nie. Kyk mooi hoe soek die herder én die vrou na hulle verlore goedere. Maar *niemand* soek die verlore mens nie! God soek wel. Hy vind die seun by die varkhok. Hy lei hom na die Vader.

Die vraag is dan of daar ten minste ook by jou die blydskap is dat daar mense die evangelie hoor op ander plekke as net in ons gemeente. Die Kommissie vir Evangelisering van ons gemeente lei ons om wyd en syd uit te reik. Bid vir die sending van God in en deur hierdie gemeente, en wees bly. Wees bly dat God doen wat ons nalaat. Anders sou die Here Jesus seker nooit kom nie. Nou wag ons met blydskap op sy koms, want Hy het gekom om te soek en te vind wat verlore is. Mag Hy ons en ons bedieninge gebruik en blydskap daagliks vermeerder!

Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

**Die Here sorg!**

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: Ma— Vry 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@ gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

Kom ondersteun die tieners se
**Koeldrank Stalletjie**
By die Vrydagmark
(Winste sal aangewend word vir blindings vir die nuwe GTA Grot).



## Erediensbywoning

Die genoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

**21 Maart - Nagmaal slegs vir wyke soos aangedui:**

| 08:00 | 09:30 | 18:00 |
|---|---|---|
| A06 tot A07 | A08 tot A09 | A10 tot A11 |
| B07 tot B08 | B09 tot B10 | B11 tot B12 |
| C07 tot C08 | C09 tot C10 | C11 |

**28 Maart - Nagmaal slegs vir wyke soos aangedui:**

| 08:00 | 09:30 | 18:00 |
|---|---|---|
| A12 tot A13 | A14 tot A15 | A16 |
| B13 tot B14 | B15 tot B16 | B17 tot B19 |
| C12 tot C13 | C14 | C15 |



# Laerskoolkinders

Laerskoolkinders

Voltooi die volgende teksverse deur die woorde in te vul:

Die ____________ vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie ______________.

Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, want enigeen wat 'n ____________ van God is, kan die sondige ____________ oorwin.

En die oorwinning wat ons oor die ____________ behaal het, is deur ons ______________.

Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die ______________ is?

## Breiprojekte 2021

As gevolg van Covid 19 kan ons nou nie lekker saam brei nie maar ons het tog 'n paar projekte waaraan ons kan werk.

Enige breiwerk: musse; serpe; slaapkouse; ens is baie welkom. 'n Gemerkte krat sal by die hoofingang geplaas word vir die artikel. Daar is tans bietjie wol beskikbaar.

Ons benodigde 'n paar kindertroue vir 14 kinders tussen ouderdom 4-14jr wat in 2 huise versorg word. Kontak my vir besonderhede as iemand hiermee wil help.

Lekker brei en ondersteun asb die projekte.

Magda Erwee 082 467 8376



## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1*

- Johan Kruger sterk aan na 'n knievervanging (B12—082 461 7405).
- Hettie vd Walt sterk aan na operasie (C1—083 660 7888).
- Meelewing word betuig met Marieta Venter en familie na die afsterwe van Mossie Venter gedurende die week. Begrafnisreëlings is nog nie bekend ten tye van die publikasie.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geen erediens op Goeie Vrydag

Daar gaan geen erediens wees op Goeie Vrydag. 'n Oordenking gaan wel deur ouderlinge aan lidmate binne hul wyke uitgestuur word.

## *Katkisasie*

Vandag: Geen — Volgende week: Hersiening les 1-5, Ps 9:1,7,10

Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser

Vir meer inligting oor hoe Google Classroom vir katkisasie gebruik word en hoe om aan te sluit, besoek https://bit.ly/3qGIL80 of skandeer die blokkie

### Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

### KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sustentasie

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 word tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**VRYDAGMARK**

**26 Maart 2021**

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Kom kuier saam vanaf 15:00 en ondersteun ons gemeente se besighede en handewerk!**

**Vetkoek en Maalvleis (Susters se Vrydagwinkel):** Bestel jou vetkoeke voor 24 Maart 2021. Kom haal jou vetkoek vanaf 15:00 en kom kuier by die Vrydagmark! (Helene - 066 593 8257)

- Vetkoek en Maalvleis – R30
- Vetkoek – R10

**De Fraai Kraai:** Met ons bypassende familie produkte kan jy die spesiale konneksies vier! (Michelle – 082 640 2571)

**Handgemaakte kaartjies & Snuisterye:** PLATSAK?!. Kom koop 'n geskenk met n handgemaakte kaartjie wat jou sak pas!! (Ria – 082 855 1305)

**Lize se pannekoek:** R5 'n pannekoek. 'n Lekker bederf – moet nie verder soek**!** Jy kan vooraf bestel of kom val in die ry. Maar lekkerder pannekoek sal jy nêrens kry. (Mari - 082 419 5552)

**Broodbome:** Waardige toevoeging in enige tuin! (Jan-Louis - 083 565 5789)

**Pekanneute:** Heerlike plaasvars pekanneute uit die hartjie die Magaliesberge! Smaaklik en Gesond! (Lydia - 083 565 5789)

**Bonsai Bome:** Bonsai bome te koop. Begin 'n interessante stokperdjie van lewende kunswerke. Gratis advies. (Pieter – 083 965 2729)

**Soete Nostalgie Stalletjie:** Kom koop n heerlike groot sny wortel of sjokoladekoek of n sny heerlike melktert saam met koffie. Daar sal ook lekker melkterte te koop wees, asook kleinkoekies per gewig, Hollandse botterkoek, spekulaas en nog meer... Sien julle daar. (Charvette - 082 319 4172)

**Afrikaanse bordspeletjies:** Lekker-Speel bied 'n verskeidenheid van Afrikaanse bordspeletjies wat opvoedkundig en propvol pret is. (Tom – 082 872 4878)

**Fancy Nancy – haarknippies en handsakke:** 'n Bederfie vir mammas en dogtertjies te koop**!** Maak ons haartjies mooi – ons is amper groot. Hier is handsakke ook, gehekel vir jou**.** Dis pragtig, kom gou! (Mari - 082 419 5552)

**Beskuit en koekies:** Heerlike tuisgemaakte beskuit en koekies om enige dag in 'n kuier te verander. Iets vir elke smaak plus meer! (Ria – 082 875 2877)

**Sagte speelgoed:** Herstelde silwerskoon sagte speelgoed, soos nuut teen lae pryse. (Winy – 071 351 9294)

**Springmielies en lekkergoed:** Kom kielie jou soettand met heerlike springmielies en lekkergoed! (Christian Boon – 082 411 4015)

**Mieke se "Santepetiek":** Dalk het jy al gehoor van my fabriek? Kom kyk hoe dit lyk…skinkbordjies, beurtkragliggies en advokaat, dit alles hou jou lank aan die praat! Deel van die opbrengs gaan vir "Crossroads gevangenis bediening". (Mieke – 074 667 7777)

**Ander stalletjies sluit in:**

- **Droëvrugte** – Rika Kruger (076 834 7774)
- **Christelike fiksie + 'n spesiale kinderboek** – Marike Zeevaart (081 476 5585)
- **Borduurwerk, Quilt-werk, Plekmatjies en meer** – Rika Hoffman (072 691 7675)
- **Handwerk** – Attie Pretorius (082 966 3221)
- **Maskers** – Karen Rebel (084 610 0170)
- **Heerlike koeldrank (Tieneraksie)**

Jy kan steeds jou stalletjie bespreek by Wilmarie Rheeders – 082 515 1558

Koste: R30 / Sluitingsdatum: 24 Maart 2021 COVID-PROTOKOL GELD





# *VERJAARSDAE*

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21 Mrt | Loutjie | Malherbe | B05 | 27828526948 |
| 22 Mrt | Johan | Kotze | C05 | 27839933846 |
| | Johan | Kruger | B01 | 27823868986 |
| | Christo | Snyman | A04 | 3470401 |
| 23 Mrt | Coenie | de Beer | B12 | 27848808816 |
| | Pieter | du Plessis | A07 | 27839652729 |
| 24 Mrt | Martie | de Jonge | A14 | 27711088944 |
| | Henk | Sweers | A05 | 27726781211 |
| 25 Mrt | Eddie | Delport | B17 | 27726186116 |
| | Gwendoline | Gourley | A15 | 27826774481 |
| | Ida | Schoulund Breed | E01 | 27833095606 |
| | Amanda | Wilson | E01 | 27849010109 |
| 26 Mrt | Marthie | Benade | B16 | 27833069137 |
| | Willem | van Wyk | B13 | 27824920604 |
| 27 Mrt | Ina | Nel | C01 | 27834087811 |
| | Anneke | v Jaarsveld | A06 | 27846059660 |
| | Marietjie | Venter | A06 | 27842084286 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22 Mrt | Anouk | van Rooy | C13 | 27823452759 |
| 24 Mrt | JC | van der Bijl | C04 | 27732144780 |
| 25 Mrt | Ané | Coetzee | C08 | 27829273146 |
| 27 Mrt | Menante | Erasmus | A11 | 27721248110 |
| | Tristan | Raath | B16 | 27662399388 |

## BYBELS BESKIKBAAR

Bybels in al die amptelike tale is tans beskikbaar by die kerkkantoor: R135 (hardeband) en R70 (sagteband). Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is.

U moet asb die **korrekte bedrag in die kerk se rekening inbetaal** en die bewys van betaling saambring om u Bybel te ontvang.

**Kerk se bankbesonderhede**:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton; Takkode: 632005

Rek no: 600 340 409

Verw: **Biblos + Jou Naam**

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die

## Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90. **Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n boek.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Almanak Ma tot Do tussen 09:00 en 14:00.

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Boek + Jou Naam**

## !!! Grendelwinkel word Vrydag-mark !!!

Binne Covid se wetgewing hou ons markverkoping!

By twintig (20) stalletjies kan julle van drie-uur af tot omtrent sewe-uur, op Vrydag, 26 Maart, by die afdak en saalkompleks kom inloer.

Die advertensie lys elke soort stalletjie wat aangebied word! Baie moeite word gedoen - heerlike gebak saam met koffie/tee/koeldrank en pannekoek en vetkoek... alles rondom die Covid-tafels of op die grasperk! Kyk waar die ingang na die mark aangedui is, doen die Covid-ritueel vinnig en geniet die stalletjies spesiaal vir julle opgestel!!

Susters se vetkoekbestellings voor of op 24 Maart (kyk advertensie).

Moenie die historiese mark misloop nie!!